**Skriflesing  Matteus 1 vers 18-25**
**Tema          Vrygemaak … vir hierdie lewe**

Ons het dit in hierdie lewe nie altyd net maklik nie. Christenskap vrywaar jou nie van die probleme van gewone menswees nie. ʼn Christen kan ook siek word en sukkel om gesond te word.  ʼn Christen ervaar ook angs, het ook bekommernis oor die toekoms, sukkel met selfverwyte en gevoelens van mislukking en minderwaardigheid en met neerslagtigheid en diepe twyfel.

Maar in en deur dit alles is God besig om elkeen van Sy kinders se storie te skryf. Dit is nie altyd 'n maklike storie nie. Dit is baie keer nie 'n verstaanbare storie nie, maar dit is God se storie met ons.

Ons lees van God se storie met Maria. Sy was 'n jong meisie, verlief, verloof en getrou aan Josef. Om in haar tyd verloof te wees, het eintlik beteken dat jy getroud is. As man en vrou het jy nog net nie saamgewoon nie. in hierdie tyd verskyn 'n engel aan Maria en sê vir haar dat sy sal swanger word. Die swangerskap sal van die Heilige Gees kom. Kan u dink hoe onverstaanbaar en ontstellend dit vir haar moes wees! Sy is nog 'n maagd en nou gaan sy swanger word. Dit is onmoontlik! Daar is vandag steeds mense wat dit nie kan aanvaar nie. Maar die maagdelike geboorte is 'n aanduiding dat die swangerskap God se ingrype en betrokkenheid by die wêreld is. Nadat die engel met Maria gepraat het, antwoord sy met een van die mooiste geloofsbelydenisse in die Bybel: "Ek is tot beskikking van die Here. Laat met my gebeur wat u gesê het." (Lukas 1:38). So begin Maria se pad van vreugde en baie seer as die ma van Jesus, 'n pad van krip tot kruis.

Dan lees ons ook Josef se storie. Hy bevind hom skielik in 'n baie ongemaklike situasie. Hy was verloof aan Maria en die verlowing was bindend soos 'n huwelik. En dan word sy swanger voor hulle trou. Josef weet dat dit nie sy baba is nie. Hy was omgekrap daaroor. Hy het die wet van Moses goed geken. Dit was 'n groot skande vir 'n ongetroude vrou om 'n baba te verwag. Dit is as egbreuk beskou. Volgens die Joodse regstelsel moes Josef van haar skei. Die buite-egtelike swangerskap en egskeiding kon beteken dat die geestelike leiers haar met klippe laat doodgooi.

Maar Josef besluit om die swangerskap geheim te hou. Hy wou Maria nie verder verneder deur die verlowing in die openbaar te verbreek nie.  Hy besluit om stilweg hul verlowing te verbreek voordat almal van Maria se swangerskap te hore kom. Maar dan verskyn 'n engel aan Hom en vertel vir hom wat aan die gang is. Hy aanvaar God se wil en hy trou met Maria. Kan u dink hoe vernederend dit vir hom moes wees. Mense het verseker agter hul hand geskinder en gelag vir hom wat, volgens hulle, so 'n swakkeling was. Maar hy het gekies om aan God gehoorsaam te wees, eerder as om die goedkeuring van mense te soek. Dit is tog wat geloof is: om ja te sê vir God se plan. Josef het die seun, soos die engel hom beveel het, Jesus genoem. Deurdat hy vir die baba 'n naam gee, kan ons aflei dat Josef vir Jesus as sy eie seun beskou het.

Die naam Jesus kom ongeveer 150 keer in Matteus voor. Die naam beteken: "Die Here is redding of verlossing. Dit is Hy wat sy volk van hul sondes verlos en ons seën met nuwe lewe. In Hand 4:12 lees ons: "Hý bring die verlossing en niemand anders nie. Daar is geen ander naam op die aarde aan die mense gegee waardeur God wil dat ons verlos moet word nie."

Sy kinders sal hom ook "Immanuel" noem. Hy is nie daar ver nie. Die naam beteken: "God by ons" In Matt 28:20b bevestig Jesus self: "...En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld."

Martin Luther se storie bevestig dat die Here by ons is in hierdie lewe, maar dit beteken nie dat Sy storie met ons maklik en verstaanbaar is nie. Nie een van ons soek moeilikheid in ons lewens nie. Toe Martin Luther in 1517 sy beroemde stellings teen die Wittenbergse kerkdeur vasspyker, het hy 'n reuse geveg aangeknoop met almal wat hul aan dwaalleer skuldig gemaak het. En dit was die hele magtige Rooms Katolieke kerk. Kan u dink hoe moeilik dit vir Luther moes wees? Hyself was vir 20 jaar 'n monnik, maar hy kon nie anders as om die Here bo alles te gehoorsaam nie.

Martin Luther het in die Woord ontdek dat God nie meer daar ver is nie. Hy het ontdek dat Hy as Immanuel nie losstaan van ons kwellinge nie en ons stryd teen versoekings en ons twyfel en ons liggaamlike en emosionele pyn ken. God het nie op 'n afstand gebly nie. God het uit genade in Jesus Christus ons wêreld binnegetree het en ons verlos van sonde.

In 1531, toe Martin Luther hoor van sy moeder, Margaretha, se siekte, skryf hy vir haar 'n brief oor blydskap. Hy moedig haar aan om nie tou op te gooi nie. Hy pleit by haar om haar siekte as't ware te omhels en 'n steeds dieper vreugde te vind. Die kragtige betekenis van Jesus Christus se lewe, kruisdood en opstanding, wat Luther so vars ontdek het, het immers gestaan teenoor die voortdurende twyfel en sorge van sy tyd.

Hy skryf aan sy ma: "Dood, jy kan jou tande wys, maar jy kan nie verslind nie, want God het aan ons die oorwinning oor jou gegee deur Jesus Christus, ons Here." Hy moedig haar aan: "Wees bly en dankbaar dat God ons hierdie kennis gegee het, en dat ons nie steeds vasgevang is in die dwaling dat ons moet vertrou op die dinge wat ons sélf kan doen en op die heiligheid van die monnike nie. Wees bly dat ons nie meer vir Christus sien as 'n vreeslike regter en tiran van wie af ons moet wegvlug na die heiliges toe nie. Ons weet nou iets anders as dat God 'n vreeslike tiran is; ons weet van die onbegryplike goedheid van ons hemelse Vader. Ons weet dat Jesus Christus nie die Een is wat ons aankla en dreig nie, maar die Een wat ons met God versoen sodat ons nie bang hoef te wees vir Hom nie, maar Hom met vrymoedigheid kan nader." Wees opgeruimd, Moeder, en dank God met vreugde vir sulke genade. Want Hy wat Sy werk in jou begin het, sal dit ook genadiglik voltooi. Self het ons nie die vermoë om die sonde en die dood te oorwin nie. 'n Ander het vir ons verskyn, Een wat beslis beter kon doen. Hy bied Sy oorwinning vir ons aan en vra ons om dit te aanvaar. Hy sê vir ons: "Wees opgeruimd, Ek het die wêreld oorwin … en Ek lewe, en jy sal ook lewe, en niemand sal jou vreugde van jou kan wegneem nie."

Hy word Jesus genoem. Dit is Hy wat ons elkeen van ons sondes verlos. Maak nie saak wat vandag met jou gebeur nie, ook en veral in ons swaarkry, magteloosheid en nie-verstaan-nie is Hy Immanuel, God by ons, besig om Sy storie met ons elkeen te skryf.
**Amen**